# SONDAGSKOOL LES - Meet

**Doel van les:**

- **Kinders leer dat hoe en waarmee hulle dinge "meet" in die lewe baie belangrik is en dat die verkeerde mates slegte gevolge sal hê.**

**Ysbreker:**

- **Watte aflos:** Gee vir die groep 'n liniaal met watte daarop. Die idee is om te sien wie kan hardloop van een punt en terug, sonder dat die watte afval. As die watte afval moet dit eers teruggesit word, voor hulle kan aangaan. Die hele span moet die aflos voltooi.
- **Die langste lyn:** Gee vir elke groep 'n liniaal en 'n paar ander goedjies. Hulle moet probeer die langste lyn vorm met alles wat hulle moontlik kan gebruik. Selfs van dinge wat nie vir hulle gegee het nie, maar wat hulle het, bv. 'n gordel of skoenveters.
- **Breedste glimlag:** Meet met 'n liniaal elkeen in die groep se glimlag. Tel al die mates op. Die groep met die hoogste mates wen.

**Hoof ysbreker speletjie – Measuring up**

Groepe kry 'n lys met mates en moet deur die kerk stap met 'n liniaal en voorwerpe meet. Hulle moet die mates op die lys pas by die korrekte voorwerp. Die groep wat eerste klaar is, wen.

Vat dit na die volgende vlak: Maak dit geestelik.

**Vrae in die groep:**

1. Wat is van die dinge wat mense gebruik om te meet of hulle 'n goeie lewe lei?
2. Wat is van die goed wat mense gebruik om ander mense mee te meet?
3. Waarmee meet baie mense hulleself?
4. Hoe meet ons 'n persoon as 'n mislukking of sukses?
5. Wat is van die standaarde of mates uit God se woord?
   (Bietjie hulp kan gekry word uit 1 Korinthiërs 13:4-7, Hebreërs 12:14, Romeine 3:23)

Kry terugvoer.

**Vir die groepleier:**

As jou liniaal verkeerd gemerk was, sou dit moeilik gewees het om die voorwerpe te kry. Wanneer ons mates van gehoorsaamheid, trots, vergelykings met ander mense en geduld verkeerd is, mors dit ook dinge vir ons op. Ons standaarde vir mates neem moet presies wees en gebasseer op God se woord of anders sal elke mate wat ons neem verkeerd wees. God se woord moet die liniaal vir ons lewens wees. Wanneer ons ander dinge as maatstaf gebruik, kom ons mates verkeerd uit.

**Maak dit prakties**

In die Ou Testament was die fokus daarop om volgens God se wette en gebooie te leef. As Christen, is die fokus in die lewe nie meer die wette en standaarde nie, maar is dit eerder op 'n Persoon: Jesus Christus. Dit nie reëls nie, maar 'n verhouding wat tel. Ons moet Jesus volg en vir Hom lewe.

Lees in die groepe: Romeine 6:14 en Romeine 8:1-17

1. Watter verskil maak dit in die manier wat jy jou lewe lei om te weet dat jy nie onder wette val nie, maar genade?
2. Onder die wet is jy bang om foute te maak, maar onder genade is die fokus om 'n verhouding met Jesus te hê en met dankbaarheid te leef. Hoe maak dit 'n verskil in hoe jy kies om jou lewe te leef?

**Vrae om oor te dink:**

- Hoe meet jy jou lewe?
- Wat is van die dinge wat jy gebruik om jou geestelike groei mee te meet?

Sluit af in groepe met gebed.